

Antwoorde: Agtervoegsels

Gebaseer op die storie *My eie spesiale donkie*

Meervoude

Die woord **ganse** bevat die agtervoegsel **e**. Die basiswoord is **gans**. Deur die **e** by te voeg, dui ons meer as een gans aan. Dit is die **meervoud**.

1. Soek vier woorde in *paragraaf een* wat op die agtervoegsel **e** eindig. Skryf die woord neer met die basiswoord in hakies langsaan. **perde (perd), varke (vark), skape (skaap), koeie (koei)**
2. Gee vyf van jou eie voorbeelde van woorde wat op **e** eindig. Skryf die basiswoord in hakies langs elke voorbeeld neer. **stoele (stoel), boeke (boek), sakke (sak), penne (pen), borde (bord)**
3. Soek twee woorde in *paragraaf twee* wat op die agtervoegsel **s** eindig. Skryf die woord neer met die basiswoord in hakies langsaan. **eiers (eier), bokstertjies (bokstertjie), hoenders (hoender), plaaseiers (plaaseier)**
4. Gee die meervoud vir donkie. Onderstreep die agtervoegsel wat jy bygevoeg het. **donkies**
5. Gee vyf van jou eie voorbeelde van woorde wat op **s** eindig. Skryf die basiswoord in hakies langs elke woord. **piesangs (piesang), appels (appel), seuns (seun), meisies (meisie), lessenaars (lessenaar)**

Verkleinwoorde

6. Soek 'n woord in die heel laaste paragraaf (*paragraaf 37*) van die storie wat op die agtervoegsel **tjie** eindig. Skryf die woord neer met die basiswoord in hakies langsaan. **dogtertjie (dogter)**
7. Gee vyf van jou eie voorbeelde van woorde wat op die agtervoegsel **tjie** eindig. **karretjie, emmertjie, vulletjie, oortjie, eseltjie, stoeltjie, tafeltjie, beentjies, voetjies**
8. Soek een woord in *paragraaf 20* wat met die agtervoegsel **ie** eindig en een wat op die agtervoegsel **jie** eindig. Skryf die woorde neer met die basiswoorde in hakies langsaan. **kampie (kamp), liedjie (lied)**
9. Gee vyf van jou eie voorbeelde van woorde wat op die agtervoegsel **ie** eindig. Skryf die woord neer met die basiswoord in hakies langsaan. **ogie (oog), lampie (lamp), poppie (pop), bakkie (bak), glasie (glas), jassie (jas), vlerkie (vlerk), bekkie (bek), koppie (kop), pelsie (pels), vurkie (vurk), messie (mes), gansie (gans), rokkie (rok), hempie (hemp), broekie (broek)**
10. Gee vyf van jou eie voorbeelde van woorde wat met die agtervoegsel **jie** eindig. Skryf die woord neer met die basiswoord in hakies langsaan. **perdjie (perd), kleedjie (kleed), hartjie (hart), mondjie (mond), potloodjie (potlood), koevertjie (koevert), eendjie (eend), hoedjie (hoed)**